

Gee nie net van jou goed nie, maar gee jouself

Koning Herodus die Grote was ten tye van Jesus se geboorte heerser in Jerusalem oor Judea, die provinsie waar Betlehem, geboorteplek van Jesus, die Messias, ook geleë was. Hy was 'n genadelose mens. Selfs van sy familieledede het hy laat vermoor. Hy was hewig ontsteld toe die Oosterse sterrekykers by hom navraag gedoen het oor die pasgebore koning van die Jode (vs 3). Hy het bedreig gevoel. Daarom is dit geen wonder nie dat hy doodseker wou maak dat al die babaseuntjies doodgemaak word.

Wat ook al die astrologiese verklaring is van die verskyning van die ster met die geboorte van Jesus, die sterrekykers in die verhaal het die verskynsel in verband gebring met die verwagte geboorte van die koning van die Jode. In Numeri 24:7 word reeds verwys na die ster van Jakob. Dit word in verband gebring met die Joodse Messiasverwagting. Dit is opvallend dat die sterrekykers van vreemde en verre lande die geboorte van Jesus in verband bring met die Messias. Hulle het aan die Kindjie duur geskenke gegee, omdat dit waardige geskenke vir 'n toekomstige koning was. Die simboliese waarde van die geskenke was: goud, 'n geskenk bedoel vir konings; wierook, 'n geskenk aan 'n godheid; mirre, 'n spesery aan 'n mens wat sou sterf. Die besoek van die sterrekykers aan Betlehem laat blyk dat Jesus die Koning van die hele wêreld is, nie net van Judea nie.

Die kern van ware aanbidding is dat 'n mens Jesus sal aanbid omdat Hy is wie Hy is en dat jy vir Hom dié dinge sal gee wat vir jou waarde het en jou allerbeste is. Sterker nog, gee nie net van jou goed nie. Gee jouself.

Sing: Psalm 138:2, 3

Dr. Pieter Bingle (Kaapstad)